

## 26 Maart

**Skrifgedeelte: Jeremia 34**

**Fokusgedeelte: Jeremia 34:13-15 (1933/53- en 1983-vertaling)**

### **Volhard op die bekeringspad!**

God roep in hierdie gedeelte vir Juda op om hulle te bekeer. Hy doen dit deur Jeremia in die tyd van koning Sedekia. Ons lees in vers 8 dat Sedekia alreeds op daardie stadium 'n ooreenkoms met die volk gesluit het om hulle by die vrylating van hulle slawe te hou.

Ons het in hierdie hoofstuk met 'n verbondsvernuwing te doen. Dit gryp terug na die verbondsvernuwings soos in Josua 24. As Verbondsgod roep Hy sy verbondskinders op in tye waarin hulle sy verbond vergeet en nie sy eise nakom nie. Die verbond van God is geldend ten alle tye en alle omstandighede, want God is vir hulle 'n God en sy volk moet vir Hom 'n volk wees.

'n Verbondsvernuwing handel in die eerste plek oor God en hoe Hy met sy volk deur die volk se geskiedenis op weg is. Die volk moet op sy beurt hou by God se verbondsbepalings. Dit hou in God se seën indien hulle dit nakom en God se wraak indien hulle dit NIE nakom NIE!

In hierdie gedeelte wys die Here terug na die slawerny, hoe Hy hulle verlos het en weereens 'n verbond met hulle gesluit het (vs 13; Eks. 19; Jos. 24). Die opdrag in hierdie gedeelte gryp terug na Eksodus 21:2-4 en Deuteronomium 15:12-15. Die volk het op hierdie stadium het tot inkeer gekom en dit tot uitvoer gebring. Dit was egter van korte duur (OAV: "vandag" en NAV: "onlangs"). Die inkeer het tot niks gekom nie! Hulle het gou weer van gedagte verander (vs 16). Op dáárdie manier het hulle die wet van die Here oortree en sy Naam onteer!

God het by sy Woord gebly. Dit sien ons duidelik in die Nuwe Testament. Hy het sy Verbondsmiddelaar gestuur om ons wat onder die slawerny van sonde was, te bevry (Gen. 3:15, Rom. 5). Slawerny is afgestel. Daarom is dit nie meer van toepassing nie. Tog het dit 'n diepere betekenis vir ons om NIE weer slaaf van die sonde te word of te wees nie. Daarvan moet ons loskom en ons bekeer. So is ons kinders van God en NIE meer slaaf van die sonde nie (Gal. 5:1). Ons staan onder die heerskappy van Christus. Ons is deur sy bloed vrygekoop.

Ons sien in hierdie gedeelte dat die ballingskapsvolk NIE gehou het by die voorskrifte nie. Vrye slawe weer terug in slawerny! Ons wat bevry is, moet op die geloofspad volhard & NIE terugkeer na die sonde soos Israel van ouds nie. Mag die Heilige Gees ons daartoe help om as bekeerdes op ons ware dankbaarheidspad te volhard!

*Sing: Skrifberyming 33:1*

*Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)*